



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2021

GRAAD 11 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Daniël 1-4
Nuwe Testament	Openb. 6-11
Les	Les 1-9

Afdeling A – Daniël 1-4

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 In die derde jaar van die regering van _____ die koning van Juda is Jerusalem beleër.... (Dan 1:1)
a) Sinear b) Aspenas c) Kores d) Jojakim
- 1.2 Wie moes Aspenas na die koning neem? (Dan. 1:4)
a) edeles b) jong seuns c) jong meisies d) hofdiensmaats
- 1.3 Die koning het vir hulle _____ voorsien om te gebruik? (Dan. 1:5)
a) brood en water b) goud en klere
c) spys en wyn d) groente en vrugte
- 1.4 Daniel se ander naam was? (Dan. 1:7)
a) Beltsasar b) Hananja c) Nero d) Mesag
- 1.5 Wat wou Daniel nie doen nie? (Dan. 1:8)
a) werk vir die koning b) werk saam met heidene
c) luister vir hofdiensmaat d) koning se kos eet
- 1.6 Hoe lank het die hofdiensmaat Daniel en sy vriende op die proef gestel? (Dan. 1:12)
a) 10 dae b) 'n maand c) 'n week d) 40 dae
- 1.7 Hoe het Daniel en sy vriende gelyk na die proef tydperk? (Dan. 1:15)
a) maerder as die ander b) voller van vlees
c) soos wit soos wol d) so rooi soos purper
- 1.8 Wat het Daniel en sy vriende daarna geëet? (Dan. 1:16)
a) vleis b) groente c) brood d) koek
- 1.9 God het aan hulle _____ gegee? (Dan. 1:17)
a) wetenskap en verstand b) rustigheid en vryheid
c) geld en 'n huis d) leierskap en geluk
- 1.10 Daniel was daar tot die eerste jaar van Koning _____. (Dan. 1:21)
a) Misael b) Chaldeers c) Asarje d) Kores

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

gode, hoof, arms, konings, geheimenisse, openbaar, buik, Babel, bestuur, bors

- 2.1 **Dan. 2:32:** Wat die beeld betref, sy **A** was van goeie goud, sy **B** en **C** van silwer, sy **D** van koper
- 2.2 **Dan. 2:47:** Die koning het Daniel geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is die God van die **E** en die Here van die **F** en die Openbaarder van **G** daarom was jy in staat om hierdie geheim te **H** .
- 2.3 **Dan. 2:49** Op versoek van Daniel het die koning sy vriende aangestel oor die **I** van die provinsie **J** .

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Koning Nebukadnesar het 'n beeld van koper laar maak. (Dan . 3:1)
- 3.2 Die volk moes sodra hulle die geluid van die horing, fluit, siter, luit, harp, doedelsak hoor die beeld aanbid. (Dan 3:5)
- 3.3 Die wat nie die beeld aanbid nie sou onthoof word op die plein. (Dan. 3:6)
- 3.4 Daniel se vriende het vir Nebukadnesar gesê dat hulle dit nie nodig ag om die koning 'n antwoord te gee nie (Dan. 3:16)
- 3.5 As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandede vuuroond verlos. (Dan. 3:17)
- 3.6 Die koning het woedend geword en opdrag gegee dat die oond 7 maal warmer gemaak moet word. (Dan. 3:19)
- 3.7 Die manne wat Daniel se vriende in die vuur ingegooi het, het dood gebrand buite die oond. (Dan. 3:22)
- 3.8 Het ons nie vier manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie? (Dan. 3:24)
- 3.9 Sadrag, Mesag, Abednego het uit die vuur gegaan sonder dat die hare van hulle hoof geskroei was. (Dan. 3:27)
- 3.10 Die koning het bevel gegee dat enige iemand wat oneerbiedig spreek oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego stukkend gekap en van sy huis 'n mishoop gemaak sal word. (Dan. 3:29)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Waarvan het koning Nebukadnesar die tweede keer gedroom? (Dan. 4:10)
- 4.2 Waar sou koning Nebukadnesar bly volgens die droom (Dan. 4:25)
- 4.3 Hoe lank sou die koning daar bly? (Dan. 4:25)
- 4.4 Wat het koning Nebukadnesar gesê toe hy op die dak van die paleis wandel? (Dan. 4:30)
- 4.5 Wat het Nebukadnesar gedoen toe hy sy verstand terug gekry het? (Dan. 4:34)

35 Punte

Afdeling B – Openb. 6-11

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Wat is aan hom gegee op die wit perd. (Open. 6:2)
a) 'n boog b) 'n kroon c) 'n skaal d) 'n swaard
- 5.2 Wat is aan hom gegee op die vuurrooi perd? (Open. 6:4)
a) 'n boog b) 'n kroon c) 'n skaal d) 'n swaard
- 5.3 Wat was in die hand van die een op die swart perd. (Open. 6:5)
a) 'n boog b) 'n skaal c) 'n kroon d) 'n swaard
- 5.4 Watter kleur perd is gesien in die vierde seël? (Open. 6:8)
a) wit b) swart c) vaal d) rooi
- 5.5 Wat het Johannes met die vyfde seël gesien? (Open. 6:9)
a) siele onder die altaar b) die onheiliges
c) engele leerskaar d) die duiwel
- 5.6 Wat het Johannes gesien met die sesde seël? (Open. 6:12)
a) groot aardbewing b) armagedon
c) heiliges wat huil d) 'n horlosie wat tyd aandui
- 5.7 Wat het met die son gebeur in die sesde seël? (Open. 6:12)
a) swart geword b) verdwyn c) ontplof d) vergaan
- 5.8 Wat was die een op die vaal perd se naam? (Open. 6:8)
a) satan b) ewige c) lewe d) dood
- 5.9 Wat het met die maan gebeur in die sesde seël. (Dan. 6:12)
a) 'n harige sak b) op die aarde geval c) soos bloed d) toegerol
- 5.10 Want die _____ van sy toorn het gekom en wie kan bestaan? (Open. 6:17)
a) groot dag b) einde c) begin d) vlam

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

hoeke, Lam, engele, see, eer, aarde, Amen, heerlijkheid, verseël, winde

- 6.1 **Open. 7:1** Na hierdie dinge het ek vier **__A__** op die vier **__B__** van die aarde sien staan, en hulle het die vier **__C__** van die **__D__**, vashou.
- 6.2 **Open. 7:3** Moenie die aarde of die **__E__** of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde **__F__** het nie.
- 6.3 **Open. 7:9** ...hulle het gestaan voor die troon en voor die **__G__** bekleed met wit klere.
- 6.4 **Open. 7:12** **__H__** die lof en die **__I__** en die wysheid en die danksegging en die **__J__** en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid.

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Toe hy die sewende seël oopmaak was daar omtrent 'n halfuur stilte. (Open 8:1)
- 7.2 Daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, toe die eerste engel blaas op die basuin. (Open. 8:7)
- 7.3 Daar was agt engele met agt basuine. (Open. 8:2)
- 7.4 Toe die engel op die vyfde basuin blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het. (Open. 9:1)
- 7.5 En die voorkoms van die sprinkane was soos die van voëls (Open. 9:7)
- 7.6 Hierdie sprinkane het vrouehare gehad soos vrouhare en hulle tande soos die van leeus. (Open. 9:8)
- 7.7 In sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land. (Open 10:1)
- 7.8 En die stem wat ek uit die hemel gehoor het het gesê ek moet die boekie neem en dit in my regter hand hou. (Open. 10:8-9)
- 7.9 Toe ek dit in my regter hand neem het dit tot as verbrand. (Open. 10: 10)
- 7.10 Johannes moet die tempel van God meet met 'n riet. (Open 11:1)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Wat was die twee getuies wat sal profeteer. (Open 11:3-4)(2)
- 8.2 Hoeveel ouderlinge het voor God op hulle trone gesit? (Open 11:16)
- 8.3 Wat kon gesien word toe die tempel in die hemel oopgaan? (Open 11:19)
- 8.4 Die sewende engel het die hoeveelste basuin geblaas? (Open 11:15)

35 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Tydens belydenisaflegging belowe ek om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem. (Les 1)
- 9.2 Die Bybel EN die belydenisskrifte het Goddelike gesag. (Les 2)
- 9.3 Die doel en waarde van die belydenisskrifte is om die suiwer leer te bewaar. (Les3)
- 9.4 Ons glo in Drie afsonderlike Goddelike wesens. (Les 4)
- 9.5 Die Raad van God is vrymagtig. (Les 5)
- 9.6 Ons kry 'n inwendige sowel as 'n uitwendige roeping. (Les6)
- 9.7 Ware bekering bestaan uit twee dele volgens die Heidelbergse Kategismus Vraag 88. (Les7)
- 9.8 Heiliges in die woord beteken om "afgesonder" te wees. (Les 8)

9.9 Ons grond ons sekerheid op die beloftes van God in sy Woord. (Les 9)

9.10 Die mens word geregverdig deur die geloof en die werke. (Les 8)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

Heilige Gees, weg, Drie Enige God, Gees, loutere, geloof ,waarheid, onveranderlik, genade, sondaars

10.1 Jesus Christus het in die wêreld gekom om A te red. (Les 1)

10.2 Die B het die bybel skrywers geïnspireer. (Les 2)

10.3 Die Skepping is dus die werk van die C . (Les 4)

10.4 Die Raad van God is D . (Les 5)

10.5 Ek is die E en die F en die lewe. (Les 3)

10.6 Wedergeboorte is uit G H . (Les 6)

10.7 Ware I is gewisse kennis. (Les 7)

10.8 Die vlees begeer teen die J . (Les 8)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

11.1 Noem die drie Algemene Belydenisskrifte (Les 3) (3)

11.2 Noem die drie Besondere Belydenisskrifte. (Les 3) (3)

11.3 Noem een eienskap van die Raad van God. (Les 5)

11.4 Noem enige item van die Heilsorde. (Les 6)

11.5 Die Here gee aan Sy kinders twee nuwe goed. Noem dit. (Les 6) (2)

30 Punte

Totaal: 100 Punte